# Menlopark Amateur Stoeiklub
# Amateur Wrestling Club

***Posbus 905-738***
***GARSFONTEIN***
***PRETORIA***
***0042***

## INLIGTINGSTUK 2016
## INFORMATION NOTICE 2016



www.menlostoei.co.za

VOORWOORD

Welkom terug aan alle ouers en stoeiers en hartlik welkom aan al ons nuwe ouers en stoeiers.

2015 was 'n besige jaar waartydens ons stoeiers puik presteer het en goed rekenskap gegee het van hulself op en van die mat.

2016 is 'n nuwe jaar met sy eie uitdagings wat die hoof gebied moet word. Stoei is een van die mees ongelooflikste sportsoorte wat ons kinders help ontwikkel en presteer op verskeie vlakke in die lewe. In die woorde van die Olimpiese kampioen Dan Gable – " Once you wrestled, everything else in life becomes easy"

Ongelukkig is dit ook so dat stoei geld kos en nie so maklik deur maatskappye geborg word soos rugby nie. Ons wil dus deur die loop van die jaar met verskeie inisiatiewe poog om fondse in te samel om ons stoeiers en ouers te ondersteun. Bietjie bietjie maak baie en met ons ouers se steun kan ons dit regkry.

Ons wil dit ook vir die ouers aangenaam maak en gaan daarom vroeg in 2016 die gimnasium regmaak wat deur beide die ouers en stoeiers gebruik kan word. Verder gaan ons koffie en tee beskikbaar stel, kom drink gerus 'n koppie koffie of tee en kuier saam.

As die kantoor werkslading te veel is, bring jou laptop en handel die e-posse of daardie dringende brief af, maar asseblief bring jou kind stoei oefening toe. Die waarde van hierdie ondersteuning word gesien tydens toernooie en later jare. Onthou dit verg baie moed van enige stoeier om alleen op daardie mat te stap en voor almal te stoei. Ongelukkig kan ons nie saam opstap nie al wil ons. Net toewyding en pligsgetroue oefening kan hier help en die verskil maak aan die einde van die dag.

Menlopark Amateur Stoeiklub vier ook gedurende 2016 ons 60 jarige bestaan. Ons wil hierdie mylpaal graag op unieke wyse vier tydens die Frank Joubert Ope op 28 Mei 2016. Kom beplan asseblief saam aan hierdie mylpaal oor 'n koppie koffie. Menlopark bestaan uit die ouers en stoeiers, sonder julle is daar nie 'n klub nie. Soos een ouer vir my gesê het, Menlopark het hart. Kom ons hou die hart in 2016 en deel in die unieke ervaring wat stoei bring.

Ek groet met die woorde van HENRY FORD "Coming together is a beginning, keeping together is progress, working together is success."

Vriendelike groete

Marelene Meyer
Voorsitter

## 1. AGTERGROND

Daar is tans ongeveer 100 amateur stoei klubs in Suid-Afrika waarvan 10 (tien) by Noord-Gauteng Streek ingedeel en ge-affilieër is. Noord-Gauteng Stoei (NGS) is ge-affilieër by die Suid-Afrikaanse Stoei Federasie (SASF). Die SASF is weer ge-affilieër by die Suid-Afrikaanse Sport Konfederasie en Olimpiese Komitee (SASCOC), United World Wrestling Africa (UWWA) en United World Wrestling (UWW – voorheen FILA).

Stoei word beoefen in die volgende kategorieë:

- Bulletjie Stoei – Beginner stoeiers tussen die ouderdomme van 4 en 8 jaar met die focus op massa-deelname.
- Lang Termyn Deelnemer Ontwikkeling (LTDO) – Ouderdom 7 tot 11 jaar. Deelname geskied binne ouderdoms en gewigs afdelings met die focus op deelname.
- Jeug – Deelname vind plaas binne ouderdom en gewigsafdelings op klub-, provinsiale- en nasionale vlak.
- Kadette (0/17), Juniors (0/20), Seniors(0/35) en Meesters(Bo 35) – Hierdie stoeiers ding nie net mee op klub-, provinsiale-, en nasionale vlak nie maar neem ook internasionaal deel aan toernooie.

## 2. MENLOPARK UITVOERENDE BESTUUR 2016

Die Uitvoerende Bestuur vir Menlopark bestaan uit die volgende lede:

| | | |
|---|---|---|
| Beskermheer | Gerrie Nel | 082 377 2099 |
| Ere-President | Frank Joubert | 082 259 7364 |
| Voorsitter | Marelene Meyer | 076 550 9138 |
| Sekretaris | Barry Liebenberg | 083 755 1281 |
| Hulp-Sekretaris | Hendri Buys | 082 453 1887 |
| Tesourier | Gert van Schalkwyk | 083 389 5919 |
| Spanbestuur Koördineerder | Marelene Meyer | 076 550 9138 |
| Afrigter Koördineerder | Fanie Vermaak | 082 786 3377 |
| Beampte Koördineerder | Jurie Human | 083 302 0581 |
| Kombuis en Sosiaal | Anne-Marie van Schalkwyk | 083 389 5909 |
| Kombuis en Sosiaal | Obed Ngoepe | 082 977 1968 |

## 3. OEFENTYE

Vrystyl

| | |
|---|---|
| Beginners (Mat (1) | Dinsdae en Donderdae 17:30 tot 18:30 |
| Ervare Stoeiers (Mat 2) | Dinsdae en Donderdae 17:30 tot 19:00 |
| Ervare Stoeiers (Mat 3) | Dinsdae en Donderdae 17:30 tot 19:30 |
| 0/13 tot 0/20 Stoeiers (Mat 4) | Dinsdae en Donderdae 18:00 tot 20:00 |
| 0/20 en ouer stoeiers | Woensdae 18:30 tot 20:00 en<br>Saterdae 07:00 tot 08:30 |

Grieks-Romeins

| | |
|---|---|
| 0/13 en ouer (Mat 4) | Maandae 18:00 – 20:00<br>Bykomende oefening sal deur die afrigter gereël word. |

## 4. KOMMUNIKASIE

Die meeste klub kommunikasie vind per e-pos, sms of WhatsApp plaas.

Kommunikasie sal ook op die klub se web bladsy en facebook blad geplaas word.

Ouers kan gerus hul fotos en prestasies van hul kinders tydens toernooie op ons facebook blad plaas.

Die volgende Inligting sessies is geskeduleer om ouers en stoeiers in te lig oor stoeireëls en ander verwante aspekte oor die sport en toernooie:

11 Februarie 2016 om 18:00
9 Junie 2016 om 18:00
4 Augustus 2016 om 18:00

## 5. KLEREDRAG

Beginner stoeiers mag tydens oefening en deelname aan Bulletjie toernooie 'n T-hempie en 'n kortbroek dra. Sodra stoeiers aan amptelike byeenkomste begin deelneem sal ons van hulle verwag om die voorgeskrewe stoeipak (blou en rooi) en stoeiskoene te dra.

Ons wil ook graag hierdie jaar klub kleredrag ontwerp en aanskaf wat ons stoeiers en ouers gedurende toernooie met trots kan dra. Besonderhede met betrekking tot ontwerp en pryse sal gekommunikeer word.

## 6. REGISTRASIE VORMS

Registrasie dokumente kan elektronies gestuur word na wem.marelene@gmail.com of dit kan by die kantoor ingedien word.

**Die volgende moet ingedien word vir alle stoeiers**:

- Betaling van 2016 registrasie fooie of bewys van internet betaling
- Die klub registrasie vorm vir 2016
- 'n onlangse gesig foto (selfoon fotos kan na 076 550 9138 gesms / whatsapp word)

**Nuwe stoeiers moet ook die volgende indien**:

- Die UWW anti-doping vorm
- Suid-Afrikaanse Stoeifederasie vrywarings vorm
- Afskrif van id-dokument of geboortesertifikaat

## 7. FOOIE

Aangesien stoei onbekend is vir baie van ons nuwe stoeiers sal daar **2 weke** toegelaat word waartydens beginners gratis die oefening kan bywoon. Daarna geld die fooie soos hieronder uiteengesit.

Indien 'n stoeier sou besluit om op te hou met stoei, moet die klub 30 dae vooruit skriftelik in kennis gestel word. Fooie sal gehef word en betaalbaar wees tot tyd en wyl sodanige kennisgewing ontvang word.

Kennisgewing van voorneme om op te hou stoei moet aan Marelene Meyer by wem.marelene@gmail.com en Gert van Schalkwyk by Gert@vansit.co.za gestuur word.

Fooie kan soos volg betaal word:

Kontant of per tjek
Dinsdae en Donderdae aande 17:30 tot 19:00 by die stoeiklub.
Tjeks kan uitgemaak word aan Menlopark Amateur Stoeiklub.

Elektronies

| | |
|---|---|
| Bank: | ABSA |
| Takkode: | 632005 (Menlyn) |
| Rekening no.: | 0540540365 |
| Verwysing: | Stoeier naam en van |

## 7.1 REGISTRASIE FOOIE

Registrasie fooie word eenmalig per jaar betaal. Die registrasie fooi sluit registrasie by Menlopark Stoeiklub, NG Stoei en SA Stoei in.

Alle stoeiers moet die registrasie fooi betaal, ongeag of hulle die hele jaar gestoei het of slegs 'n gedeelte daarvan.

Menlopark is verantwoordelik vir die oorbetaling van alle registrasie fooie aan Noord-Gauteng Stoeivereniging.

**Registrasie fooie vir 2016**

**Voorskool (tot en met 0/6)**

**Opsie 1** (met rooi stoei pakkie)

R 540.00

**Opsie 2** ( sonder stoei pakkie)

R 320.00

**0/7 tot 11 jaar**

**Opsie 1** (met rooi stoei pakkie)

R 725.00

**Opsie 2** ( sonder stoei pakkie)

R 425.00

**Bo 12 jaar**

**Opsie 1** (met rooi stoei pakkie)

R 845.00

**Opsie 2** ( sonder stoei pakkie)

R 545.00

**Meester Stoeiers**

**Opsie 1** (met rooi stoei pakkie)

R 845.00

**Opsie 2** ( sonder stoei pakkie)

R 545.00

## 7.2 KLUB FOOIE

Klubfooie is vooruit betaalbaar per maand vanaf 1 Februarie tot 1 November

Daar sal 'n 20% korting per stoeier toegestaan word op klubgelde indien u voor of op 28 Februarie die volle bedrag vir die hele jaar betaal.

Menlopark Amateur Stoeiklub fooie vir 2016 is soos volg:

**Stoeiers 0/3 en 0/4 jaar**
Gratis

**Stoeiers 0/5 en 0/6 jaar**:
R 2 500.00 per jaar betaalbaar soos volg:
R 2 000.00 Eenmalig voor of op 28 Februarie 2016 (20%) korting; of
10 paaiement van R 250.00 pm vooruit betaalbaar vanaf Februarie tot November

**Stoeiers 0/7 tot 0/11 jaar:**

R 3 500.00 per jaar betaalbaar soos volg:
R 2 800.00 eenmalig voor of op 28 Februarie (20% korting)
10 paaiemente van R 350.00 pm vooruit betaalbaar vanaf Februarie tot November

**Stoeiers 0/12 jaar en ouer:**

R 3 500.00 per jaar betaalbaar soos volg:
R 2 800.00 eenmalig voor of op 28 Februarie (20% korting)
10 paaiemente van R 350.00 pm vooruit betaalbaar vanaf Februarie tot November

Ouers wat spesiale reëlings wil tref vir die betaling van fooie of wat enige aspek van die klubgelde wil bespreek is welkom om met Marelene Meyer te skakel. Ons beleid is dat elke stoeier wat wil stoei in staat gestel moet word om dit te kan doen.

Meester en Senior stoeiers betaal slegs registrasie gelde vir Affiliasie doeleindes en nie klubfooie nie.

## 8. TOERNOOIE

Die afrigters het die onderskeie toernooie bespreek en besluit op deelname aan die volgende toernooie ten einde die stoeiers se wedstryd ervaring uit te bou:

| | | |
|---|---|---|
| 13 Februarie 2016 | - | Rudy van der Merwe |
| 5 Maart 2016 | - | Kosie Reitz President Toernooi |
| 12 Maart 2016 | - | TUKS Challenge |
| 28 Mei 2016 | - | Frank Joubert Ope |
| 16 Julie 2016 | - | Brakpan Ope |
| 30 Julie 2016 | - | Centurion Ope |

Deelname aan die volgende toernooie is opsioneel:

| | | |
|---|---|---|
| 4 Junie 2016 | - | Limpopo Ope |
| 6 Augustus 2016 | - | Johnnie Reitz Big 5 |

Die volgende toernooie is gerig op Beginner stoeiers en wil ons die stoeiers op Mat 1 en ook Mat 2 aanmoedig om ook aan hierdie toernooie deel te neem:

| | | |
|---|---|---|
| 29 Januarie 2016 | - | MP Beginners Ope |
| 19 Februarie 2016 | - | NGS Bulletjies Toernooi |
| 4 Maart 2016 | - | NGS Bulletjies Toernooi |
| 15 April 2016 | - | NGS Bulletjies Toernooi |
| 20 Mei 2016 | - | NGS Bulletjies Toernooi |
| 22 Julie 2016 | - | Nico Visser Feestoernooi |
| 19 Augustus 2016 | - | NGS Bulletjies Toernooi |
| 9 September 2016 | - | MP Beginners Ope |

Belangrike datums

| | | |
|---|---|---|
| 22 en 23 Januarie 2016 | - | SASF Senior Proewe vir Afrika Kampioenskappe in Primrose |
| 27 Februarie 2016 | - | SASF Graderings Toernooi in Pretoria |
| 18 en 19 Maart 2016 | - | Kadet en Junior Proewe in Kaapstad |
| 9 April 2016 | - | NGS Presidente Kampioenskappe |
| 28,29 en 30 April 2016 | - | SA Presidente LL, Meester Spele en Kampioenskappe in Gauteng |
| 14 Mei 2016 | - | NGS Kadet en Senior Kampioenskappe |
| 1 en 2 Julie 2016 | - | SA Kadet en Senior Kampioenskappe |
| 13 Augustus 2016 | - | NGS Jeug en Junior Kampioenskappe |
| 3 September 2016 | - | SA Streek 3 Kampioenskap |
| 15 Oktober 2016 | - | NGS Klubliga |
| 3 Junie 2016 | - | Menlopark Blou en Rooi aand |

23 September 2016 - Menlopark fondsinsameling

Die volledige SA kalender vir 2016 is beskikbaar op ons webwerf www.menlostoei.co.za

## 8.1 TOERNOOI UITNODIGINGS EN INLIGTING

Toernooi uitnodigings word op die kennisgewingsbord, ons webwerf en facebook blad aangebring sodra dit deur die klub ontvang word. Die uitnodiging word normaalweg ook per e-pos aan die stoeiers uitgestuur. Indien u dit nie ontvang nie, kontak asb vir Marelene by 076 550 9138 of Hendri by 082 453 1887.

## 8.2 TOERNOOI INSKRYWINGS EN FOOIE

Indien 'n stoeier se klub rekening agterstallig is sal die stoeier nie vir toernooie ingeskryf kan word alvorens die agterstallige bedrag vereffen is nie.

Fooie verskil van toernooi tot toernooi en word op die toernooi uitnodiging aangedui. Toernooi gelde moet asseblief tydens inskrywing vir die betrokke toernooi betaal word of in dieselfde rekening as die klubfooie inbetaal word soos aangedui in punt ????? hierbo.

Dit is die verantwoordelikheid van ouers en stoeiers om te verseker dat stoeiers betyds vir toernooie ingeskryf word. Stoeiers moet op die SAMS stelsel geregistreer wees alvorens hulle aan toernooie mag deelneem. Stoeiers word slegs op SAMS geregistreer na ontvangs van registrasie gelde.

Die inskrywingsvorms vir toernooie sal ten minste 1 week voor die toernooi op die hoofkennisgewings bord by die klub aangebring word sodat die stoeiers hulle name daarop kan aanbring. Maak asb seker dat die gewigte korrek is aangesien daar 'n koste verbonde is aan massaverskuiwings. Massaverskuiwings word kontant deur die stoeiers betaal tydens inweeg by die toernooi.

## 8.3 ONTTREKKINGS VAN TOERNOOIE

Onttrekkings na die sluitingsdatum van 'n toernooi moet met 'n doktersbrief gedoen word. Die doktersbrief moet op die laaste die dag voor die toernooi by die hoof spanbestuurder ingedien wees.

Laat ontrekkings, stoeiers wat onttrek sonder 'n doktersbrief, of stoeiers wat nie opdaag vir toernooie nie moet steeds die inskrywingsfooie vir die toernooi betaal al het hulle nie deelgeneem nie.

# 9. LOTING EN STOEIREËLS

Bulletjie toernooie en die MP Beginners Toernooie word op die LTDO reëls gebaseer. Die klem by hierdie toernooie val eerder op stoeier ontwikkeling en deelname as die wen van die wedstryd.

Elke toernooi uitnodiging sal duidelik aandui watter loting stelsel geld per ouderdoms kategorie.

Besoek gerus die volgende web tuistes vir meer inligting oor die stoeireëls en loting stelsels.

Langtermyn Deelnemer Ontwikkeling (LTDO) www.wrestling.org.za
United World Wrestling Rules (UWW) www.unitedworldwrestling.com of www.wrestling.org.za
SA Stoeireëls – www.wrestling.org.za

## 10. MEDIES

### 10.1 DOPING

Dit is elke ouer en stoeier se verantwoordelikheid om seker te maak dat aanvullings by 'n laboratorium getoets word vir verbode middels. Vir nasionale en internasionale toernooie is dit raadsaam om sodanige verslag vanaf die laboratorium byderhand te hou in geval van toetsing. Hierdie laboratorium toetse is nie goedkoop nie. Dit is dus raadsaam om eerder aanvullings te gebruik wat WADA goedkeuring status geniet.

Stoeiers moet bewus wees dat sekere energiemiddels ook verbode stowwe kan bevat. Die onus berus by die stoeiers omseker te maak voordat hulle enige medikasie neem. (dit lsuit voorskrif en nie-voorskrif medikasie in). Stoeiers kan ter enige tyd asook by kampioenskappe getoets word. Sou hulle wel positief toets mag hulle gevaar loop om vir 'n bepaalde tydperk geskors te word uit alle sportsoorte.

Besoek gerus die volgende web tuistes om seker te maak dat die aanvullings of medikasie wat gebruik word nie verbode middels bevat nie:

http://www.drugfreesport.org.za en www.wada-ama.org

### 10.2 DOKTERSBRIEWE

Geen doktersbriewe is nodig wanneer 'n stoeier as gevolg van siekte nie aan oefeninge kan deelneem nie. Ouers kan net die betrokke spanbestuurder / afrigter sms/Whatsapp sodat hulle bewus is daarvan.

Wanneer 'n stoeier egter vir 'n toernooi ingeskryf het end an na die sluitingsdatum onttrek agv enige mediese toestand, siekte, besering ens is 'n mediese brief wel nodig. Indien geen mediese brief ingehandig word nie, verbeur u die inskrywingsfooie.

Die mediese brief moet die volgende inligting bevat:

- Dokter se besonderhede, insluitend naam, tel nr en praktyk nr
- Datum waarop stoeier dokter besoek het
- Stoeier se volle naam en van
- Beskrywing van die siekte / besering
- Posisie op die liggaam indien van toepassing bv regter enkel

NB!! Hierdie brief moet reeds die dag voor die toernooi by die betrokke spanbestuurder ingedien word sal die stoeier steeds aanspreeklik gehou word vir sy / haar inskrywingsfooie.

### 10.3 VELLETSELS

Stoeiers met omlope op enige plek aan hulle lyf kan ongelukkig nie aan oefeninge of toernooie deelneem alvorens die omloop opgeklaar is nie.

Vir enige velletsel wat 'n vermoede mag ontlok dat dit moontlik aansteeklik of 'n omloop mag wees, moet die stoeier 'n brief (nie ouer as 7 (sewe) dae nie) van 'n **dermatoloog** hê om te bevestig dat dit nie aansteeklik / omloop is nie.

Die brief moet die volgende inligting bevat:

- Dokter se besonderhede, insluitend naam, tel nr en praktyk nr

- Datum waarop stoeier dokter besoek het
- Stoeier se volle naam en van
- Beskrywing van die velletsel, insluitend posisie op die liggaam en oorsaak
- Bevestiging dat dit nie aansteeklik is nie

### 10.4 **TERAPEUTIESE GEBRUIK VAN VERBODEMIDDELS**

In sekere siektetoestande word die medikasie wat vir die behandeling van die spesifieke siektetoestand as verbode beskou, bv Ritalin (tydens kompetisies), insulien, sekere bloeddrukmiddels ens. Omdat die gebruik van hierdie middels noodsaaklik is vir die gesondheid van die individu, moet daar so gou as moontlik, verkieslik in die begin van die jaar, op die korrekte aansoekvorm aansoek gedoen word. Hierdie vorm moet deur die behandelende geneesheer ingevul word. Hierdie aansoekvorm moet na die Voorsitter van die NG Mediese Komitee gestuur word wat op sy/haar beurt dit na 'Drugfree'-sport sal stuur om aansoek te doen vir die vrystelling sertifikaat (TUE sertifikaat). 'n Aansoek kan tot ongeveer 'n maand neem om afgehandel te word. Hierdie sertifikaat is gewoonlik geldig vir 2 jaar. Tydens inweegmedies moet 'n afskrif van die sertifikaat by elke toernooi ingehandig word, asook op die korrekte lys deur die Mediese Beampte opgeskryf word.

Sekere voedselaanvullers en energiedrankies (supplements) kan ook verbodemiddels bevat, wat tot skorsing kan lei.

Hierdie aansoekvorm, volledig ingevul deur die behandelende geneesheer, moet vergesel word van 'n voorskrif, sowel as alle toepaslike mediese verslae. Stoeiers moet kennis dra van die vervaldatum van die sertifikaat en betyds heraansoek doen, tesame met al die nodige dokumentasie.

Neem kennis dat hierdie 'n tydsame proses is en nie uitgestel moet word nie.

### 10.5 **ASMA-POMPIES**

Die gebruik van sekere asma-pompies, soos Seretide, Ventolin, Foxair ens in die gewone terapeutiese doserings, word nie meer as verbodemiddels beskou nie. Ander asma-pompies soos Berotec, Duovent is nog op die lys van verbodemiddels.
Vir makliker kontrole, indien die stoeier wel sy/haar pompie op die mat wil gebruik, of tot sy beskikking wil hê, indien benodig, moet die pompies, tydens inweegmedies op die TUE lys opgeskryf word. Die pompies kan dan deur die afrigter op die tafel by die Matvoorsitter geplaas word voordat die wedstryd in aanvang neem. Dit kan daar gelaat word vir die duur van die wedstryd. Indien dit benodig word, moet die Afrigter die pompie by die tafel gaan haal, vir die stoeier bring om te gebruik, waarna hy dit weer terugplaas op die tafel.

## 11. TOEKENNING VAN KLEURE

### 11.1 **BULLETJIE KLEURE**

Die toekenning van Bulletjie-sertifikate is gegrond op 'n Wit-, Geel- en Blou Bulletjie-sertifikaat en Bulletjie-wapen en word volgens die volgende kriteria toegeken:

**WIT** – Deelname aan **TWEE** NGS toernooie.

**GEEL** – Deelname aan **VIER** NGS toernooie.

**BLOU** - Deelname aan **SES** NGS toernooie.

11.2 **NOORD-GAUTENG KLEURE**

'n Stoeier verwerf Noord-Gauteng kleure indien hy/sy 'n eerste (1ste) plek behaal tydens die Noord-Gauteng Kampioenskappe of 'n medalje verower tydens die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe. Indien 'n stoeier nie aan die NG Kampioenskappe deelneem nie, kan hy nie kwalifiseer vir Noord-Gauteng kleure nie, behalwe as hy/sy 'n medalje op die betrokke SA Kampioenskappe gewen het.

11.3 **SA KLEURE**

'n Stoeier verwerf SA Kleure indien hy / sy 'n eerste (1ste) plek verower tydens die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe.

11.4 **NASIONALE KLEURE**

Kadet, Junior en Senior Stoeiers behaal hul Kadette / Junior en Springbok kleure indien hulle die onderskeie proewes wen en Internasionaal deelneem aan toernooie.

Bestudeer asseblief die NG Kleure regliment by http://www.gnwrestling.co.za

## 12. BEAMPTES

Ons klub het tans 2 geregistreerde beamptes en 2 leerling beamptes. Die beamptes is soos volg:

Jurie Human – mag by alle toernooie optree
Obed Ngoepe – Mag slegs by klub toernooie optree
Shaun Le Roux – Mag slegs by Bulletjie toernooie optree en as tyd en telbord beampte tydens klub toernooie
Eben Meyer - Mag slegs by Bulletjie toernooie optree en as tyd en telbord beampte tydens klub toernooie

Die ideaal is om minstens 5 beamptes te hê wat by alle toernooie en NG- en SA- kampioenskappe kan optree.
***Daar moet vir elke 7 Stoeiers een (1) geregistreerde Beampte ingeskryf word op toernooie. NB: Provinsiaal C Beampte tel net vir 3 Stoeiers.***

Die getal Beamptes wat ons vir toernooie deurstuur, moet gesamentlik met ons Stoeierregistrasies op SAMS gebeur. Ons moet verseker dat ons genoeg Beamptegetalle het vir die hoeveelheid stoeiers om boetes te vermy.

**Klubs met tekorte moet Beamptes leen, huur of betaal vanaf ander Klubs of Provinsies en die name so aandui op die inskrywings op SAMS.**

## 13. SPANBESTUURDERS

Ons het tans 3 geregsitreerde Spanbestuurders. Die Spanbestuurders is soos volg:

Marelene Meyer – Mag tydens SA kampioenskappe en Noord-Gauteng kampioenskappe en klub toernooie optree.
Reinette MacGregor - Mag tydens SA kampioenskappe en Noord-Gauteng kampioenskappe en klub toernooie optree.
Mariska Sigalas – Mag tydens klub toernooie optree.

Die ideaal is om minstens 8 Spanbestuurders te hê waarvan minstens 4 tydens Noord-Gauteng en SA kampioenskappe kan optree.

## 14. AFRIGTERS

Ons het tans 7 afrigters. Die afrigters is soos volg:

Fanie Vermaak – Mag tydens SA- en NG Kampioenskappe asook klub toernooie optree
Frank Joubert - Mag tydens SA- en NG Kampioenskappe asook klub toernooie optree
Marius Le Roux - Mag tydens SA- en NG Kampioenskappe asook klub toernooie optree
Gert van Schalkwyk - Mag tydens SA- en NG Kampioenskappe asook klub toernooie optree
Gerrie Nel – Mag tydens NG Kampioenskappe en klub toernooie optree
Willie Meyer - Mag tydens klub toernooie optree
Duncan Miskin - Mag tydens klub toernooie optree

Die ideale getal afrigters is minstens 16 afrigters waarvan ten minste 6 tydens Noord-Gauteng en SA kampioenskappe kan optree.

## 15. ADMIN

Ons klub het tans net 1 Administratiewe beampte naamlik Annelize du Plessis.

Die ideaal is om minstens 4 Administratiewe beamptes te hê.

## 16. MEDIESE BEAMPTES

Ons het tans 1 mediese beampte, Dr Kobus du Toit.

Die ideaal is om minstens 4 mediese beamptes te hê. ‘n Mediese kwalifikasie is nie ‘n voorvereiste nie. Ons het egter ouers nodig wat as mediese beamptes kan help tydens toernooie met mediese ondersoeke (kyk na velletsels / omlope, lang naels en beserings).

Ons benodig ook ouers wat tydens oefeninge kan help met noodhulp.

## 17. ALGEMENE JAARVERGADERING

Ons klub affiliasie met Noord-Gauteng Stoeivereniging moet op 19 Oktober 2016 afgehandel wees.

Ons Algemene Jaarvergadering sal dus op Donderdag 13 Oktober 2016 om 18:00 plaasvind. Die vergadering sal gehou word tydens stoei oefening vir die stoeiers. Boek asseblief die datum in u dagboek en kom woon die vergadering by. Indien ons nie ‘n kworum teenwoordig het nie, mag die vergadering nie plaasvind nie.

Nominasies vir die onderskeie posisies moet asb nie later as Dinsdag 11 Oktober aan Barry Liebenberg by barryjnr5@gmail.com en Hendri Buys by hen.buys@gmail.com gestuur word nie.

## 18. PRYSUITDELING

Ons prysuitdeling vind plaas op Saterdag 29 Oktober 2016 om 14:00.

## 19. SUN CITY UITSTAPPIE

Ons jaarlikse Sun City uitstappie is Saterdag 12 November 2016. Die busse vertrek om 06:00.

Kostes sal bereken word na ontvangs van die kwotasie vanaf Sun City en deurgegee word aan al die ouers.